

REDAKSIONELE RIGLYNE VIR PUBLIKASIE IN DE JURE

DE JURE (Afrikaanse riglyne)

1 BELEID

Manuskripte in die vorm van artikels, aantekeninge, vonnisbesprekings, boekresensies en briewe van 'n regsraad word deur die Redaksie verwelkom.

Die voorlegging van 'n manuskrip vir publikasie impliseer dat sodanige manuskrip die resultaat is van oorspronklike navorsing deur die outeur en dat kopiereg by hom/haar setel. Die Redaksie moet vroegtydig in kennis gestel word indien die outeur oorweeg om die volle manuskrip of 'n gedeelte daarvan elders vir publikasie wil aanbied, of indien dit reeds voorheen gepubliseer is.

Outeurs is verantwoordelik vir die taalkundige, inhoudelike en tegniese versorging van hul voorleggings. Die Redaksie behou egter die reg voor om voorleggings op grond van styl en aanbieding te verbeter en te redigeer.

Bydraes word deur lede van die Redaksie en Advieskomitee gekeur. Indien 'n manuskrip nie aan die standaard voldoen wat deur die Redaksie en Advieskomitee gestel word ten opsigte van taalkundige, inhoudelike of tegniese versorging nie, word dit vir hersiening na die outeurs teruggestuur, indien moontlik.

2 RIGLYNE VIR OUTEURS

2.1 Manuskrip

Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik. Dit geld met betrekking tot die teks self, aanhalings asook voetnotas. 'n Elektroniese weergawe kan per e-pos aangestuur word of op 'n CD ingesluit word.

2.2 Voetnote

2.2.1 Voetnote begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.

2.2.2 Voetnote word nie in aantekeninge, vonnisbesprekings of boekresensies gebruik nie. Alle verwysings word (tussen hakies) binne die teks self geïntegreer.

2.2.3 Afkortings moet, sover moontlik, in voetnote gebruik word.

2.2.4 Waar daar in een voetnoot na meerdere bronne verwys word, moet sodanige bronne deur komma's geskei word en verkieslik chronologies gerangskik word.

2.2.5 Individuele voetnote moet aaneenloop en nie in paragrawe verdeel word nie.

2.3 Opsomming

'n Vertaalde titel en 'n kort opsomming van ongeveer 300 woorde in Afrikaans moet die artikel vergesel indien die artikel in Engels geskryf is, en omgekeerd.

2 4 Titels, Opskrifte en Outeurs

2 4 1 Opskrifte van artikels en aantekeninge moet so kort as moontlik wees.

2 4 2 Kleinletters word in die hoofopskrifte van artikels gebruik. Artikelopskrifte word op die volgende wyse aangebied:

The comparative method in action – aspects of the law of cession (part 1)

Susan Scott

BA LLD

Professor of Private Law, University of South Africa

The Constitutional Court of the Czech Republic: an introduction for South African lawyers

Frans Viljoen

MA LLM LLD

Professor of Legal History, Comparative Law and Legal Philosophy, University of Pretoria

BLur en BCom word afgekort soos dit hier getoon word. Aangesien 'n LLM- of LLD- graad – in die geval waar die outeur hierdie kwalifikasies behaal het – gewoonlik voorveronderstel dat hy/sy reeds oor 'n LLB-graad beskik, is enige verwysing na LLB oorbodig. Omdat 'n LLM opsioneel is, word daar wel na hierdie graad verwys wanneer die outeur 'n LLD-graad behaal het.

2 4 3 Opskrifte van aantekeninge word op dieselfde wyse aangebied. Die name van outeurs en hul instansies word direk onderaan die aantekeninge geplaas en hoofletters word daarvoor gebruik, byvoorbeeld

J LE ROUX

Universiteit van Pretoria

J ELLIS

Departement van Justisie

2 4 4 Opskrifte van vonnisbesprekings word soos volg aangebied:

Metiso v Road Accident Fund 2001 3 SA 1142 (T)

Customary law adoption, the action of dependents and the best interests of the child

Outeurs en hul instansies word op dieselfde wyse as by aantekeninge aangebring (sien 2 4 3).

2 4 5 Die opskrifte van boekresensies word soos volg gedoen:

A Guide to Legislative Drafting in South Africa

Deur ANDREW J BURGER
Juta Kaapstad 2002 xvii plus 166 bladsye
Prys: R175 (sagteband)

Die name van die outeurs (van boekresensies) en die instansies waaraan hulle verbonde is, word op dieselfde wyse as aantekening aangebring (sien 2 4 3).

2 5 (Onder-)afdelings en Nommering

2 5 1 Afdelings en onderafdelings van artikels word op die volgende wyse genummer:

- 1 Inleiding
- 2 Toepassing van die Vergelykende Metode op Aspekte van Sessie
- 2 1 Inleiding
- 2 2 1 Gekiedkundige Agtergrond
- 2 2 1 1 Die posisie van die Romeinse reg

2 5 2 Afdelings en onderafdelings van aantekeninge, asook vonnisbesprekings word soos volg genummer en aangebied:

- 1 Inleiding
- 2 Verskillende Interpretasies van die Term "Inherente Posvereiste"
- 2 1 'n Uitgebreide Interpretasie

2 5 3 Ander hiërargiese volgordes wat geen effek op die struktuur van die teks het nie, word soos volg geskryf:

- a
- b
 - i
 - ii
- c

Waar hierdie hiërargie nie in paragrawe nie, maar wel op 'n vloeiende wyse aangebied word, moet (a), (b), (c), (i), (ii), ensovoorts tussen hakies geplaas word.

2 5 4 Die eerste letter van alle woorde in onderafdelings moet 'n hoofletter wees, behalwe in die geval van artikels se hoofopskrifte en voeg- of lidwoorde.

2 6 Verwysings na Vonnisse, Boeke, Proefskrifte, Verhandelings, Tydskrifte, Koerante, Wetgewing en Ou Bronne

2 6 1 Vonnisse

2 6 1 1 Verwysing na vonnisse word soos volg gedoen: *Lindsey City Council v Marshall* 1936 2 All ER 1076 (HL); *Wessels v Hugo* 1985 4 SA 262 (O) 268J-269A. Punte, dubbelpunte en hakies word nie gebruik wanneer daar na jaartal en bundelnommers verwys word nie. Waar datums streng gesproke nie vir die doel van identifisering gebruik word nie, word hakies ingevoeg, byvoorbeeld *R v Marais* (1888) 6 SC 367; *R v Jordan* (1956) 40 Cr App R 152 157-158. "NO" "en Ander" word weggelaat, sowel as "op", en "op bladsy" voor die bladsynommer. Daaropvolgende verwysings: *Wessels v Hugo*, die *Marais*-saak/beslissing.

2 6 1 2 Die Engelse verwysings word gebruik vir sake wat voor 1947 afgehandel is, byvoorbeeld CPD, EDL en TPD en nie KPA, ODPa en TPA nie. Met betrekking tot hofbeslissings ná 1947 word verwysing na die afdeling van die hoë hof gemaak in die taal waarin die artikel geskryf is.

2 6 2 Boeke, Proefskrifte en Verhandelings

2 6 2 1 Daar word op die volgende wyse na boeke verwys: Van Oven Leerboek van Romeinsch Privaatrecht (1948) 92; Coetzee in Van Jaarsveld ea Suid-Afrikaanse Handelsreg 2 (1988) 1223. Daaropvolgende verwysings: Van Oven 96; Coetzee 305.

2 6 2 2 Verwysing na LAWSA sien soos volg daaruit: Rabie LAWSA (ed Joubert) 6 (1981) par 117. Daaropvolgende verwysings: Rabie LAWSA 6 par 118.

2 6 2 3 Daar word soos volg na proefskrifte en verhandelings verwys: Viljoen Realisation of Human Rights in Africa through Inter-Governmental Institutions (LLD-proefskrif 1997 UP) 77. Dit is nie nodig om te meld of die proefskrif gepubliseer is of nie. Daaropvolgende verwysings: Viljoen 77.

2 6 2 4 Indien 'n daaropvolgende uitgawe volledig oorgeskryf is, kan die oorspronklike outeur se naam ingesluit word as deel van die titel waar die werk algemeen onder daardie naam bekend is – De Wet en Van Wyk De Wet en Yeats Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg (1978). Indien 'n daaropvolgende samesteller nie die werk in die geheel oorgeskryf het nie, word die name van die samesteller en oorspronklike outeur as mede-outeurs aangehaal, byvoorbeeld Hunt en Milton South African Criminal Law and Procedure 2 (1997).

2 6 2 5 Geen voorletters van outeurs, punte en kommas en “op” en “op bladsy” word gebruik vir verwysings na boeke, proefskrifte en verhandelings nie, behalwe indien die voorletters noodsaaklik vir identifikasie is; byvoorbeeld, wanneer mede-outeurs dieselfde van het.

2 6 2 6 Uitgawes van boeke word nie gemeld nie, behalwe indien meer as een uitgawe gedurende 'n spesifieke jaar gepubliseer is of indien die datum van publikasie nie vasgestel kan word nie. Waar 'n verwysing na uitgawe gemaak word, word dit soos volg gedoen: sesde uitgawe (teks); 3^e uitg (voetnote). Geen hakies word gebruik nie.

2 6 3 Tydskrifte

2 6 3 1 Verwysings na artikels en aantekeninge in tydskrifte sien soos volg daar uit: Snyman “Die misdaad sameswering” 1984 SASK 3; Thomas “The Rental Housing Act” 2000 De Jure 235. In daaropvolgende verwysings word die titel weggelaat.

2 6 3 2 Wanneer daar na 'n vonnisbespreking of na 'n boekresensie verwys word, word die naam of die boek wat bespreek word weggelaat, behalwe indien daar 'n titel aan die bespreking gegee is. Indien nie, word daar verwys na die outeur, jaartal, naam van tydskrif sowel as die bladsynommer(s).

2 6 3 3 Geen voorletters van outeurs, punte en kommas en “op” of “op bladsy” word gebruik wanneer daar na artikels, aantekeninge, vonnisbesprekings en boekresensies verwys word nie.

2 6 3 4 Slegs die aanvaarde afkortings van tydskrif name mag gebruik word. Wanneer daar na buitelandse tydskrifte verwys word, moet die afkorting voorafgegaan word deur die volle titel van die tydskrif, byvoorbeeld, Baumann “Schuld und Verantwortung” 1962 Juristenzeitung (JZ) 41. Daaropvolgende verwysings: Baumann 1962 JZ 42.

2 6 3 5 Die bandnommer en jaargang van die tydskrif word weggelaat, byvoorbeeld, 1971 THRHR 12 en nie 1971 (34 1) THRHR 12 nie. In gevalle waar bladsynommers nie op mekaar volg nie, moet die nommer of maand waarin dit gepubliseer is, ingesluit word, byvoorbeeld 1972 1 Codicillus 36 of 1972 Mei Codicillus 36.

2 6 3 6 Verwysings na artikels of aantekeninge in boeke, soos gedenkbundels en feesbundels, sien soos volg daar uit: Van Rooyen “Wederregtelikheid en poging” in EM Hamman-Gedenkbundel (red Joubert) (1984) 165. Daaropvolgende verwysings: Van Rooyen EM Hamman-Gedenkbundel 168.

2 6 4 Koerante

2 6 4 1 Verwysing na ’n artikel in ’n koerant word soos volg gedoen: Beeld (2002-01-15) 12.

2 6 4 2 Verwysing na die Staatskoerant of die afkorting daarvan (SK) word soos volg gedoen: Goewermentskennisgewing (binne die teks) of GK R 1671 in Staatskoerant (teks) of SK (voetnoot) 10378 van 1986-08-08.

2 6 5 Wetgewing

2 6 5 1 Buitelandse wetgewing en die afkortings daarvan word kursief gedruk.

2 6 5 2 Daar word soos volg na ’n wet verwys: die Strafproseswet 51 van 1977. Alle verwysings na wette is in kleinletters. Moenie kommas of “No” gebruik nie.

2 6 5 3 Verwysings na onderafdelings van wette lyk soos volg: artikel 2(1)(a)(a) in die teks, a 36bis(3)(a) in die voetnote. Daar word na artikels en paragrawe in byvoorbeeld die NBW en die BGB verwys as artikel 3 11 20a3 NBW (teks); par 2060 2 BGB (voetnote).

2 6 6 Ou Bronne

2 6 6 1 Waar ’n vaste konvensie voorskryf hoe ’n verwysing hanteer moet word, behoort hierdie metode gebruik te word, byvoorbeeld D 9 2 5 3; I 2 1 31; C 10 15; Nov 134 9; De Groot 3 32 7; Voet 47 1 2; Groenewegen De Leg Abr 4 10; Van Leeuwen RHR 2 5 1; Van der Linden Koopmans Handboek 1 7 2; Van der Keessel Praelectiones ad Gr 2 4 38; Van Bynkershoek Obs Tum 303; Pauw Obs Tum Nov 128; Schorer ad G 3 27 6; Vinnius ad I 2 1 39.

2 6 6 2 In ander gevalle moet die ou bron presies en duidelik deur die verwysing geïdentifiseer word.

2 7 Aanhalings en Aanhalingstekens

2 7 1 Aanhalings moet spaarsamig gebruik word.

- 2 7 2 Aanhalings moet akkuraat wees, met ander woorde die kursivering, hoofletters en punktuasie moet met groot presisie herhaal word. Geen veranderings mag gedurende die redaksionele proses aan aanhalings aangebring word nie.
- 2 7 3 Indien 'n aanhaling uit 'n volledige sin bestaan of indien 'n vol sin aangehaal word na die gebruik van 'n dubbelpunt, word die punt ingevoeg aan die einde van die sin voordat die aanhalingstekens gesluit word. Indien die laaste deel van die sin uit 'n aanhaling bestaan, word die punt na die aanhalingstekens ingevoeg. Indien 'n komma op 'n aanhaling volg, word die komma na die aanhalingstekens ingevoeg. Voorbeelde: Die regter verklaar op bladsy 130 soos volg: "This rule of thumb is a misconception." Die regter verwys dus na die reël as 'n "rule of thumb", en gaan voort deur te sê dat groot omsigtigheid aan die dag gelê moet word by die aanwending van enige "rule of thumb".
- 2 7 4 Dubbele aanhalingstekens ("...") moet gebruik word, behalwe waar 'n aanhaling binne-in 'n ander aanhaling gemaak word.
- 2 7 5 Aanhalings wat korter as drie gedrukte reëls is, word nie ingekeep nie.
- 2 7 6 Waar 'n sin of paragraaf nie volledig aangehaal word nie, word elke weggelate deel, ongeag die lengte daarvan, deur drie kolletjies aangedui.
- 2 7 7 Veranderings aan en invoegings in aanhalings word aangedui deur middel van vierkantige hakies, byvoorbeeld "[I]n...; "there [has to] ..."

2 8 Kursivering

- 2 8 1 Die volgende word kursief gedruk: titels van boeke, proefskrifte, die name van koerante, tydskrifte, hofbeslissings en buitelandse wetgewing.
- 2 8 2 Woorde en frases in ander tale word gekursiveer, behalwe indien hulle aanhalings of fragmente van aanhalings is.
- 2 8 3 Kursivering binne aanhalings moet onveranderd gelaat word.
- 2 8 4 Die gebruik van kursivering om klem te verleen, moet spaarsamig geskied.

2 9 Hoofletters en Punktuasie

- 2 9 1 Hoofletters moet spaarsamig gebruik word. Name en daaropvolgende verwysings na spesifieke wetgewing begin met hoofletters: byvoorbeeld, grondwetlike howe, maar Grondwetlike Hof (van Suid-Afrika); wet, maar die Wet (verwysend na byvoorbeeld die Wet op Grondeise).
- 2 9 2 Kleinletters word in die volgende omstandighede gebruik: hof, registrateur, administrateur, wetgewer, regterpresident, balie, regskommissie, parlement en staat.
- 2 9 3 Dieselfde beleid is van toepassing op bydraes wat in Engels geskryf word.
- 2 9 4 Kleinletters word na 'n kommapunt gebruik en hoofletters na 'n dubbelpunt, mits 'n volledige sin volg.

2 9 5 Die eerste letter van alle verwysings na boeke, proefskrifte, verhandelings, artikels, aantekeninge en die name van tydskrifte, koerante en wetgewing is 'n hoofletter, behalwe in die geval van Duits, waar slegs selfstandige naamwoorde met 'n hoofletter geskryf word.

2 10 Hakies

2 10 1 Voetnote word nie in aantekeninge, vonnisbesprekings en boekresensies gebruik nie. Teks wat andersins in die voetnootposisie sou verskyn, word tussen hakies ingevoeg, byvoorbeeld Snyman (Criminal Law (1986) 259-260); S v Swanepoel (1985 1 SA 576 (A)).

2 10 2 Indien 'n nuwe sin of meer as een nuwe sin tussen hakies verskyn, moet die laaste punt aan die einde van die laaste sin binne die hakie ingevoeg word. Byvoorbeeld: (Sien Snyman 126, vir 'n kritiese beoordeling van De Wet se standpunt.)

2 10 3 Indien die teks binne die hakies slegs 'n verwysing en nie 'n volledige sin is nie, word 'n punt nie voor die hakie ingevoeg nie. Die fragment in die hakies begin met 'n kleinletter en die punt word buite die hakie ingevoeg. Byvoorbeeld: Hierdie stelling is korrek (sien Van der Westhuizen 624; Joubert 136).

2 11 Afkortings

2 11 1 Afkortings word nie in die teks gebruik nie, behalwe in aantekeninge, vonnisbesprekings en boekresensies, waar hakies die funksie van voetnote vervul.

2 11 2 Indien moontlik, behoort slegs erkende afkortings gebruik te word.

2 11 3 Punte word nie in afkortings gebruik nie, ongeag daarvan of dit 'n woord of frase is wat afgekort word.

2 11 4 Waar verwysing gemaak word na bladsynommers in voetnote en tussen hakies, word die afkorting "p" nie gebruik nie. Die bladsynommer volg direk, byvoorbeeld, Joubert 603. In die teks self word bladsy volledig uitgeskryf, byvoorbeeld, Op bladsy 306 stel regter De Villiers dit duidelik.

2 11 5 Getalle kleiner as twintig word volledig in woorde uitgeskryf (dit is ook die geval met betrekking tot posisies); byvoorbeeld, vier applikante, maar 64 aangehoudenes; tweede maar 42ste, ook hoofstuk 4; R15. Nommers wat op mekaar volg, word nie afgekort nie, byvoorbeeld 246-248 en nie 246-8 nie; datums word soos volg geskryf: jjjj-mm-dd, byvoorbeeld 1984-02-29.

2 11 6 Dit is aanvaarbaar om kodes binne die teks af te kort nadat dit vroeër in die teks voluit geskryf is, byvoorbeeld BGB ; StGB ; NBW ; CC.

2 11 7 In bydraes wat in Engels geskryf word, word afkortings soos J, CJ en MR in die teks sowel as in die voetnote gebruik. Dit word na die regter se naam geplaas, byvoorbeeld, Innes CJ. In Afrikaanse bydraes word woorde soos regter, waarnemende regter en appèlregter volledig in die teks uitgeskryf en in voetnote afgekort.

2 11 8 Sommige van die afkortings wat gebruik word:

a	artikel(s)
ar	appèlregter
ev	en volgende
GK	Goewermentskennisgewing
hfst	hoofstuk
par	paragraaf
prok	proklamasie
r	regter
red	redakteur
reg	regulasie
rp	regter-president
SK	Staatskoerant
uitg	uitgawe
vn	voetnoot
war	waarnemende appèlregter
wr	waarnemende regter

2 12 Algemeen

- 2 12 1 Frases soos “geleerde”, “geëerde”, “belese”, “respekvol “ensovoorts met betrekking tot regters en hul besluite is oorbodig, aangesien dit veronderstel word.
- 2 12 2 Titels soos “professor” en “doktor” word nie gebruik wanneer daar na die outeurs van boeke, proefskrifte, artikels, aantekeninge, vonnisbesprekings en boekresensies verwys word nie.

De Jure has the promotion of legal science and a critical and analytical approach to law as its main objectives and towards this aim publishes original contributions of a high academic standard.

- 2 De Jure is a national and general legal journal to which academics, members of the judiciary and members of the different legal professions may contribute. No preference is given to authors from any particular institution. The decision whether to publish any submission depends on whether it meets the high quality standards of De Jure and whether space is available for publication.
- 3 Contributions in both English and Afrikaans are published and may consist of articles, notes, discussions of recent cases and book reviews. A translated title and a brief summary of approximately 300 words in Afrikaans must accompany an **article** written in English. In the case of Afrikaans articles a similar requirement applies regarding an English title and summary.
- 4 In order to be considered for publication a contribution must be the result of original research by the author(s), meet with all applicable legal principles in respect of publication (such as copyright, etcetera), contribute something sufficiently new to the existing legal literature and conform to the linguistic, technical and stylistic requirements for publications in De Jure. Authors are personally responsible to ensure that their submissions meet all these requirements.

- 5 Submissions are only accepted for consideration on the basis that while the editorial committee makes the final decision on publication, submissions will be subjected to appropriate peer and expert review, as well as review by members of the advisory committee when necessary. The editorial committee further reserves the right to edit all submissions accepted for publication in terms of the editorial policy, as well as to shorten submissions if necessary.
- 6 Manuscripts may only be submitted in electronic format (utilizing MS Word) through an e-mail to the editor or on an electronic disc delivered to the editor's office. In addition, authors –
 - (a) must supply their relevant contact particulars, especially e-mail address(es) and telephone numbers;
 - (b) guarantee that they are legally entitled to have the full submission published and that it, or a part of it, has not been published elsewhere before;
 - (c) disclose whether it, or a part of it, has been submitted to any other journal for publication; and
 - (d) undertake to give reasonable notice to the editor if the submission is withdrawn for any reason.
- 7 Unless prior arrangements have been made with the editor, an article (including footnotes and the summary) may not exceed 8000 words and other contributions may not exceed 5500 words.
- 8 Technical guidelines to authors are available in this document.